STATUTêRE KENNISGEWING AAN KORTTERMYNVERSEKERING-POLISHOUERS
BELANGRIK - LEES ASSEBLIEF SORGVULDIG
OPENBAARMAKINGS- EN ANDER REGSVEREISTES

(Hierdie kennisgewing vorm nie deel van die Versekeringskontrak of enige ander dokument nie)

U het as korttermynversekerings polishouer, of voornemende polishouer, die reg tot die volgende inligting:

STATUTêRE KENNISGEWING	INLIGTING
1. Aangaande die Makelaar **(a)** Naam, fisiese adres, posadres en telefoonnommer. **(b)** Regstatus en enige belang in die versekeraar. **(c)** In besit van professionele indemniteitsversekering of nie. **(d)** Besonderhede oor hoe om 'n eis in te stel. **(e)** Randbedrag van betaalbare fooie en kommissie. **(f)** Skriftelike mandaat om namens versekeraar op te tree.	U versekerings adviseur/makelaar behoort hierdie inligting aan u te voorsien wanneer u van 'n kwotasie voorsien word, of 'n polis uitneem. Indien u adviseur/makelaar versuim om dit te doen nadat u dit versoek het, kontak asseblief **Safire Versekeringsmaatskappy Beperk** se kantore wat sal hulp verleen om dit te verkry.
2. Aangaande die Versekeraar. **(a)** Naam, fisiese adres, posadres en telefoonnommer. **(b)** Telefoonnommer van voldoeningsdepartement van die versekeraar. **(c)** Besonderhede oor hoe om 'n eis en/of klagte in te dien. **(d)** Tipe polis betrokke. **(e)** Omvang van premieverpligtinge wat u as polishouer onderneem. **(f)** Wyse van betaling van premie, betaaldatum van premies en gevolge van nie-betaling.	**<u>Kontak Besonderhede</u>** **Safire Versekeringsmaatskappy Beperk** Posbus 11475 DORPSPRUIT 3206 **Geleë te:** Safire House Redlands Estate Wembley PIETERMARITZBURG **Tel: 033 264 8500** **Faks: 033 264 8501** **BTW Reg nommer: 4370196034** **FSP nommer: 2092** **Maatskappy Reg nommer: 2000/027673/06** **PI dekking: Lloyds of London** **Onderskrywingsbestuurder & FAIS toesighouer: Mnr Ivan O'Gorman** **E-pos: iogorman@safireinsurance.com**
3. Ander Belangrike Aangeleenthede **(a)** U moet ingelig word oor wesenlike veranderinge aan die inligting soos verwys na in paragraaf 1 en 2. **(b)** Indien die inligting in paragrawe 1 en 2 mondelings verskaf is, moet dit binne 30 dae skriftelik bevestig word. **(c)** Indien enige klagte aan die tussenganger of versekeraar nie tot u bevrediging opgelos word nie, kan u die klagte voorlê aan die Registrateur van Korttermynversekering. **(d)** Poligraaf- of enige leuenverklikkertoets is nie verpligtend in die geval van 'n eis nie en mislukking daarin kan nie die enigste rede vir repudiering van 'n eis wees nie. **(e)** Indien premies per debietorder betaal word: **(i)** mag dit slegs ten gunste van een persoon wees en mag dit nie sonder u goedkeuring oorgedra word nie; en **(ii)** moet die versekeraar u skriftelik in kennis stel minstens 30 dae voor die kansellasie daarvan, van sy voorneme om sodanige debietorder te kanselleer. **(f)** Die versekeraar en nie die tussenganger nie, moet redes verskaf vir die repudiering van u eis. **(g)** U versekeraar mag nie u versekering kanselleer slegs deur u tussenganger in kennis te stel nie. Daar is 'n verpligting om seker te maak dat die kennisgewing aan u gestuur is. **(h)** U is geregtig op 'n afskrif van die polis sonder enige koste.	**<u>Klagtes Prosedure</u>** Indien u enige klagtes het omtrent die beskikbaarheid of voldoendheid van vereiste inligting wat hierin voorsien moet word, bring dit asseblief onder die aandag van ons voldoeningsbeampte. **Mnr Sean Stanton** **Safire Versekeringsmaatskappy Beperk** **Posbus 11475** **DORPSPRUIT** **3206** **Tel: 033 264 8500** **Faks: 033 264 8501** **E-pos: sstanton@safireinsurance.com**
4. Waarskuwing Moenie enige oningevulde of gedeeltelik ingevulde vorm onderteken nie. Voltooi alle vorms in ink. Hou alle dokumente aan u gelewer. Maak aantekeninge van alles wat aan u gesê word. Moenie onder druk geplaas word om die produk te koop nie. Verkeerde of nie-openbaarmaking van tersaaklike feite deur u kan 'n versekeraar beïnvloed wanneer enige eise teen u versekeringskontrak ingedien word.	U polisdokument bevat die naam, klassifikasie en tipe van u polis, sowel as besonderhede van prosedures om te volg wanneer u 'n eis wil instel. Indien daar enige onduidelikheid is, kontak asseblief u versekerings adviseur/makelaar of **Safire Versekeringsmaatskappy Beperk** vir bystand.

STATUTêRE KENNISGEWING	INLIGTING
5. Besonderhede van Ombudsman vir Korttermyn versekering wat beskikbaar is om u te adviseer in die geval van eiseprobleme, wat nie bevredigend deur die versekeringstussenganger en/of die versekeraar opgelos is nie.	Posbus 32334 BRAAMFONTEIN 2017 Tel: 011 726 8900 Faks: 011 726 5501
6. Besonderhede van Registrateur van Korttermyn Versekering Finansiële Dienste Raad.	Posbus 35655 MENLOPARK 0102 Tel: 012 428 8000 Faks: 012 347 0221

(U mag gevra word om 'n afskrif van hierdie dokument te teken)

Ander Belangrike Inligting	
Premies en u Finansiële Verpligtinge	U het ooreengekom om die premies te betaal. Die bedrag van die premie verskuldig, die herhaling van die betaling en die datum waarop betaling verskuldig is, is saamgevat in die skedule. Indien u nie die premie binne 15 dae vanaf datum verskuldig betaal nie, **sal dekking gekanselleer word vanaf middernag op die dag voor die datum verskuldig.** Waar die premie maandeliks d.m.v. bank debietorder of transmissie rekening betaalbaar is, sal die 15 dae vergunning eers vanaf die tweede maand nadat polis uitgereik is geld.
Eise	Prosedures vir die indiening van eise is uiteengesit in die polisdokument in die afdeling van die polis met opskrif **ALGEMEEN.** In die geval van 'n moontlike eis moet u **Safire** binne 30 dae verwittig. Die kontakbesonderhede van Safire is vervat in alle korrespondensie aan u. In die geval van 'n eis word u versoek om die volgende te voorsien:- - besonderhede van ander versekering wat dieselfde voorval dek - skriftelike besonderhede van die voorval tensy anders in kennis gestel - inligting en bewyse ter stawing van die eis - dokumente of besonderhede of enige kommunikasie in verband met die eis U mag geen skuldbekentenis maak of aanspreeklikheid aanvaar of enige aanbod maak aan enige derde party nie. Eise wat voortspruit uit verlies, diefstal of kwaadwillige beskadiging moet by die polisie aangemeld word. U moet **Safire** onmiddelik verwittig sodra u bewus word van enige dreigende vervolging. In die geval van 'n eis mag u verantwoordelik gehou word vir die eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van die eis. Besonderhede van so 'n verantwoordelikheid kom voor in die polis en die bedrag verskyn op die polisskedule.
Algemeen	Die polisbewoording en skedule moet as 'n eenheid gelees word. Indien u advies benodig oor enige aspek van u polis, eerste bedrag betaalbaar, eise prosedures of u verantwoordelikheid om premies te betaal, kontak asseblief u versekerings adviseur/makelaar of **Safire** se kantoor soos aangedui op die aangehegte skedule.
Kommissie	Kommissie word verwerf teen die tariewe soos gestipuleer in die regulasies. 20% - nie motor ; 12.5% - motor. Daarbenewens kan 'n administrasie fooi gehef word, afhangende van u makelaar.